dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

12 JULIE 2019

2 Petrus 3:9: #Geduld
"Die Here stel nie die vervulling van Sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

Ons leef in 'n tyd waar die boodskap van redding en verlossing op elke terrein verkondig word. Niemand sal ooit kan sê dat hulle nie gehoor het dat hulle hul moet bekeer nie. Romeine 14:11 verklaar: "Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My, sal elke knie buig, en elke tong sal God bely." Johannes 3:16 sê: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Dit maak nie saak hoe groot sonde jy gedoen het nie, God het ons lief met 'n ewigdurende liefde. Daarom sê die Woord in 2 Petrus 3:9 "Die Here stel nie die vervulling van Sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer." Te midde van die hardnekkigheid van die mens, is God nog lankmoedig oor ons as mens, omdat Hy ons ewig lief het, ons was werd om te gesterf het voor.

Vrede / Shalom